# TREFFERS

VIR JOU


## GRAAD 8 - TOT 11 -


## KLASKAMER

# LOOM














SKANDEER EN LEER MEER!









# BUNDEL







**KORTVERHALE**


**Elke hond kry sy dag** ........ 9
– Nellie Alberts

**Sowaar, 'n disa met dreads!** ........ 16
– Willem Fransman Jr.

**Nie 'n feëverhaal nie** ........ 25
– Kristel Loots

**Die streep** ........ 33
– Erla-Mari Diedericks

**Van bokram na skaaplam** ........ 39
– Riette Hugo

**Skoeter** ........ 47
– Nanette van Rooyen

**Broers** ........ 52
– Jaco Jacobs

**Vergeet van Google en soen my** ........ 58
– Elsa Winckler

**Bloubaard** ........ 64
– Troula Goosen

**Om 'n loser te wees** ........ 71
– Eldridge Jason

**Soos in 'n foto** ........ 76
– Nadine Petrick

**Lugspieëling** ........ 85
– Nanna Venter

**Juffrou Heelgetal** ........ 92
– Fanie Viljoen

**Den in die duine** ........ 96
– Johann Crous



## Elke hond kry sy dag – Nellie Alberts

'n Bekende uitdrukking sê dat 'n hond 'n mens se beste vriend is, maar honde kan veel meer as net vriendskap bied.

Dean is 'n groot hondeliefhebber, maar nie sy ma nie. Hy het dit wel reggekry om haar te oorreed om 'n afgetrede spoorsnyhond, Laika, aan te neem. Toe oom Sarel, die gesin se buurman, vermis raak, het Dean se ouers vinnig gesien dat Laika 'n veel groter rol kan speel as om net Dean se vriend te wees. Laika het vir oom Sarel in 'n lewensgevaarlike situasie gevind: buite op 'n stukkende hangbrug, oor 'n dreigende stroom, met 'n geswikte enkel en op 'n koue aand. Laika se heldedaad word vereer in die plaaslike koerant en sy kruip nog dieper in almal se harte.

**Vrae**

1. Hoekom wil Dean se ma nie 'n hond kry nie? Gee TWEE redes. (2)
2. Wat is 'n opregte hond? Watter ander naam word in dié verhaal vir 'n opregte hond gegee? (2)
3. In watter opsig is Laika 'n besonder knap spoorsnyhond? (1)
4. Watter argument gebruik Dean om tog sy ma te oorreed dat hulle vir Laika moet aanneem? Op watter voorwaarde stem sy ma in? (2)
5. Verduidelik wat bedoel word as Dean sê sy ma is "skoon-



SKANDEER EN LEER MEER!


# LEKKERLEESBOEKE


SKANDEER EN LEER MEER!










# LEKKERLEESBOEKE










# GRAAD 8 EAT



Hoofstuk 1

DAG 1 - Sondag

“Julle’s nie meer in Suid-Afrika nie, hoor. Welcome to the First World.” Gaby tuit haar lippe parmantig en beweeg haar kop ’n paar keer links en regs, soos volstruise met hulle lang nek soms maak. “China is baie veilig. Julle gaan dit love!”

Sonder om haar oë van die krulkopmeisie af te haal, sit my ma haar hand op my skouer en glimlag. Sy lyk glad nie oortuig deur Gaby se selfversekerde houding nie. “Oukei ... maar daar’s mal mense oral in die wêreld, nè.” Sy vryf oor my rooi hare. “En hoe sal ek sonder hierdie malletjie klaarkom?”

Ek besef eers ’n sekonde te laat dat hulle al twee na my kyk en op my reaksie wag, want ek sukkel om my oë van Gaby wat in die deur staan, se sambreel af te haal. Wat as sy die ding hier binnekant oopmaak? My hartklop versnel, maar ek gee gou ’n gedwonge glimlag en steek vir my ma tong uit. “Ons almal weet dit kos ’n groot malle om ’n kleintjie raak te sien.”

My ma maak of sy in my rigting klap, en ons al drie lag. “Oukei, goed dan. Moet net nie té ver weggaan nie. Bly


## DIE DERTIENDE DAG IN CHENGDU

- Skrywer woon in China
- Ook beskikbaar in Engels
- 144 bladsy
- Naelbyt-verhaal

SKANDEER EN LEER MEER!

# GRAAD 8 EAT




- Fanie Viljoen
- Jeugromankompetisiewenner
- 176 bladsye

SKANDEER EN LEER MEER!


# GRAAD 8-9 HT







- 168 bladsye
- Speel af in Kaapstad
- Temas: vriendskap, verlies, enkelouer huishoudings



1

HARTSEER SOOS 'N BERG

Hoekom gebeur sulke goed altyd met hom? wonder Dewie Koster. Hy laat gly sy skooltas van sy rug af. Dit maak 'n dowwe geluid op die teëls van Firdale Heights se bruggie. Weer voel Dewie deur sy baadjiesakke. Maar steeds kry hy nie die sleutels nie. Hy hoop nie hy het dit by die skool verloor nie. Dis nou die laaste ding wat hy nodig het.

Uiteindelik kry hy iets in sy broeksak. Nie die sleutels nie.

'n Gat!

Hy woel sy vinger daardeur. Die vingerpunt raak aan sy koue bobeen. Dan hét hy die sleutels verloor.

Flippit, dis nou 'n gemors. Hy het nie lus om buite op die brug voor die hoë woonstelblok te sit en wag nie. Dis koud en reënerig. Sy ma is nog by die werk. Hy weet nie hoe laat sy vandag klaarmaak nie. Sy gaan dalk nog eers winkels toe ook.

Hy kan nie eens by die woonstelle se ingangsportaal inkom nie. Daarvoor het hy 'n elektroniese skyfie nodig. Hy voel nogtans aan die deur. Dis beslis toe.

Met sy hande bak om sy kop, loer Dewie deur die glasdeur. Daar is nie 'n siel binne in sig nie.

Weer vloek Dewie sag. Maar meteens verskyn 'n refleksie in die glas. 'n Vrou staan agter hom. Woordeloos laat gly sy

5

SKANDEER EN LEER MEER!

## GRAAD 8-9 HT & 9-10 EAT








COVID-19


# *EEN DAG IN JULIE*

- 144 bladsye
- **Temas:** die impak van Covid-19 op skoolkinders, die verlies van 'n ouer, stiefouers, verhoudings, vriendskap, rasseverhoudings, vooroordeel en bevoordeeldheid.

SKANDEER EN LEER MEER!

## GRAAD 8-9 HT 9-10 EAT




- 124 bladsye
- Gepas vir seunskole
- Visuele hulpmiddels maak teks toeganklik
- Maklike taalgebruik met moeilike/sensitiewe onderwerpe.
- **Temas:** Boeliegedrag (veral kuberboelies), selfpersepsie, steroïedgebruik, tienerverhoudings, populariteit teenoor ongewildheid


SKANDEER EN LEER MEER!




# GRAAD 8-9 HT & 10-11 EAT

SKANDEER EN LEER MEER!




- 159 bladsye
- Word uit vier perspektiewe vertel deur leerders uit verskillende leefwêrelde.
- Gemaklike leestrant
- Wenner van LAPA se 2021-Jeugromankompetisie



Hier is 'n lysie met name van elkeen se ouers, sibbe, vriende en honde.

1 Fundani Makeba
Ma: Felicia Izibele
Antie: Gcina, met twee kleinkinders, die oudste Anathi
Pa en broer
Vriend: Assad

2 Sandria Potgieter
Ma: Salomé
Stiefpa: Robert
Stiefsussies: Ani, Beatrice, Cynthie en Daleen

3 Lihle Makwetu
Antie: Aphiwe
Niggie: Mawande, met haar dogtertjie Nandi, en baba
Neef: Fizele
Oupa
Vriendin: Nobomi

4 Vincent April
Ma en Pa
Tweelingboetie en sussie: Donovan en Shirleen
Vriend: Alec
Hond: Nelson

1 Fundani

Toe ek die klein hekkie [illegible] toe oopstoot, kyk ek in die brak se gesig vas.

Ek skrik my amper in non-binary in.

Die persoon wat gesê het die hond is die mens se beste vriend bly beslis nie in Khayelitsha nie. Of hy is nog nooit bygekom deur ene wat hom aangesien het vir 'n mince-broodjie nie.

Ek hou my asem op. Die hond skarrel weg. Hy is bruinerig en maer.

Ma het altyd gesê: "Moenie laf wees nie, Fundani, die honde is banger vir jou as jy vir hulle."

Ja, en toe probeer daai een my kuit herontwerp. Hy was beslis vrot met liggaamstaal lees. Kon hy nie sien 'n pakkie tjips is gevaarliker as ek nie?

Die plastieksak in my hand raas in die wind. Die hond verdwyn in die straat af.


Ek druk die hekkie agter my toe. 'n Vlaag sand piets my bene. Ek is nié lus vir hierdie uitstappie nie. Toe ek netnou my kop by die werkkamer insteek om te groet het Ma en antie Gcina se tonge nie eens spoed gebreek nie.


Ma se vingers het die heldergroen lap behendig onder die naald deurgewerk. "... hulle gaan nog in groot moeilikheid kom," het sy deur die gesing van die naaimasjien verklaar. "Middag,

6



# GRAAD 9-10 HT & 11 EAT



1

Hoenderkerrie en roomys

"Ek het gedink." Pa stap die sitkamer binne met twee borde kos in sy hande. Tikka masala-stoom krul in die lug en my maag grom in antwoord.

"Awê, Ethan," groet iemand van die straat af, en ek draai terug om die mat voor die deur reg te skuif. Ek weet nie wie gegroet het nie, maar lig my hand vir die besige straat.

Dis blou overalls en werksakke soos die mense tjaila. Ek skud my kop vir ons bure se seun wat sy neef teen die skouer stoot op pad na die Cola-rooi snoepie op die hoek. Die glasdeur kreun sag toe ek dit wyd oopstoot. My hand vee oor die skakelaar. Die lig en dakwaaier gaan gelyk aan, en ek trek my hand terug en kry vir Pa halfpad om my kos te vat. "Waar's Ma?"

"Gesê sy gaan laat wees." Pa balanseer sy bord, terwyl hy versigtig vir my die ander bord uithou.

Sjoe! Die hitte vee teen my handpalms af en ek gryp een van die kussings op die bank.

"Dankie," aanvaar ek die bord kos wat Pa vir my uithou. Ek skuif dit na my ander hand toe.

Nacho kom stertswaaiend ingestap en skuur teen my bene verby voor sy op die bank spring.

5


## *HOE HAAL EK NOU ASEM?*

- 160 Bladsye
- Manlike hoofkarakter
- Ondersoek rou en die afwesigheid van 'n ouer, asook hoe dit is om vining groot te moet word

SKANDEER EN LEER MEER!

# GRAAD 9-10 HT & 11 EAT




- 176 bladsye
- Tieners sal aanklank vind by temas soos sport, vriendskap, boelies en gesinsdrama
- Een van die naaswenners van LAPA se Jeug-romankompetisie 2023



# GRAAD 9-10 HT & 11 EAT












- 240 bladsye
- Naaswenner van LAPA se 2023 Jeugromankompetisie
- Wildbewaring, wildstropery, liefde, spanning en vriendskap


# GRAAD 9-10 HT & 11 EAT











WIE DE HEL DINK JY IS JY?

"LIG daai knieë, Bekker. Ek sê, lig daai knieë!"

Sy reageer nie op haar afrigter se bevel nie, want as sy haar knieë nog 'n sentimeter hoër moet lig, gaan haar heupbene uit hulle potjies spring. Sy hou wel aan om, saam met al die ander boksers in die kring, op die maat van die musiek op een plek te draf.

Dis middel somer en sy stoom. Die saal se vensters is oop vir ventilasie, maar die hitte staan vandag stil.

"Bekker!"

"Coach?"

Hy kom plant hom voor haar. By die skool is hy meneer Spies, maar hier is hy coach. Sy sonbruin Vin Diesel-kaalkop blink van die sweet.

"Jy ignoreer my. Wie de hel dink jy is jy?" Sy nekare swel. Sy sespak trek saam in stywe rimpels, soos sy dit dikwels sien wanneer hy die slaansak takel, of vir hulle tegnieke demonstreer.

"Dis die groot vraag van my lewe daai, coach. Wie de hel is ek?"


5

- **Temas:** gesinsverhoudings en tienerliefde
- Deel van LAPA se 2021 Jeugromankompetisie se kortlys
- 160 bladsye


# GRAAD 9-10 HT & 10-11 EAT




- 128 bladsye
- Dunner boek met lywige temas: dwelmgebruik, raves, vriendskap, soeke na identiteit
- Ses karakters, ses perspektiewe




SKANDEER EN LEER MEER!



3

SIYA LOOP SIRKUS TOE

Die geluid van my pa se hand wat op die tafel slaan, ruk my uit my dwaal. Waaraan het ek so intens gedink? Hoe meer ek daardie naweek probeer uitblok, hoe meer kruip die detail daarvan terug. Ek probeer dit uit my geheue skud, maar dit is met Super Glue in my brein vasgeplak.

Die senuwees in Pa se hand trek saam. Dis nie 'n goeie teken nie. Daar is 'n pen en 'n vel papier onder sy vingers vasgevang. Sy gesig trek saam van ingehoue woede. Ek trek my asem in vir die eerste aanslag wat moet kom.


Ek wonder wat de hel ek hierdie keer gedoen het.

"Naam, adres en kontaknommer. Jy ken die dril. Het jy gedink ek sou nie uitvind nie?"


Ek staar na my pa terwyl 'n miljoen vloekwoorde op die punt van my tong vorm, my tart, want hulle weet dat ek nooit 'n enkele lettergreep teen hom sal gebruik nie. Ons huisreëls is soos volg:

50

# GRAAD 10-11 HT & 11 EAT




- 220 bladsye
- Gebaseer op die Shomax-reeks
- Twee vertelperspektiewe
- Voetnotas vir 'n blik op die karakters se denke
- Humoristies, boeiend
- Speellys op Spotify beskikbaar








MIKA

Ek het Sean ontmoet terwyl ek oor die dood gepeins het. Nee, ek is nie suicidal nie. Ek wens partykeer ek was. Dan sou ek meer aandag gekry het ... Ek is jammer. Dis donker. Ek weet geestesgesondheid is nie 'n grap nie. Buitendien, ek is net jou tipiese garden-variety-depressielyer. Ek gebruik nie medikasie of enige iets nie. Daar is niks wat 'n dubbele vodka nie kan regmaak nie. Maar ek dwaal af. Sean.

Ek het op die stoep van ons dubbelverdiepingmeenthuis gesit en was besig met my voorbereidingsoefeninge vir my finale Kuns-projek in matriek.[4] Dit was 'n skets van Hades se ontvoering van Persephone.[5] Demeter, Persephone se ma, was nie gelukkig met die insidentjie nie en het basies die wêreld uitmekaar geskeur op soek na haar dogter. Lang storie kort: Zeus moes Hades beveel om Persephone terug te gee. Hades het haar laat gaan, maar in die geheim vir Persephone granate uit die onderwêreld gevoer en sy kon nie vir altyd terugkeer aarde toe nie.[6] Sy sou uiteindelik 'n derde van die jaar in die onderwêreld saam met Hades

4 Om te verduidelik: Ja. Ek hou van kuns. Nee, ek is nie 'n "kunstenaar" nie. Ja, ek het Kuns as vak. Ja, ek sal graag eendag akademiese artikels wil sien met titels soos "Feminist iconography and the deconstruction of the male gaze in the early works of Mika Brink". Maar vir nou is dit al wat my min of meer sane hou. Wat my 'n band gee met ons oermoeders en wegwysers.

5 Ek het 'n ding oor die Griekse mitologie. Goed. Ek is totaal obsessief.

6 Sien? Dis nie net vroue en vrugte wat die issue is nie.

12

SKANDEER EN LEER MEER!

# GRAAD 10-11 HT & 11 EAT












- 256 bladsye
- Stel die leser bloot aan die realiteit van seksuele teistering en impak op slagoffers.
- Fokus op die belangrikheid van selfontdekking en selfbewustheid


# GRAAD 10-11 HT



- Speel af in ontstuimige tagtigerjare
- Studiegids en oudioboek beskikbaar in Engels
- Politiek, rassegeweld, spanning






# Dankie!

## Vir enige verdere navrae stuur gerus 'n e-pos na

info@klaskameraad.co.za